

Teologiekroniek

J H le Roux
(UP)

Voor my lê drie begrafnisbriewe. Vir die soveelste keer het ek dit al gelees en steeds is alles onwerklik. Het dit werklik gebeur? Hoe is dit moontlik dat drie belangrike Ou Testamentici binne 'n paar maande kan sterf? Wat gaan met die vak gebeur en hoe gaan die studente dit verwerk? Wat is die langtermynvooruitsigte vir die studie van die Ou Testament in Suid-Afrika? Op 'n wrede manier het ons geleer dat die sosio-politieke transformasie van universiteite nie die ergste is nie. Die dood is veel erger. Die verlaging van standaarde, kampusonrus, die afrikanisering van die wetenskap, skrale beroepsmoontlikhede vir jong akademici en die donker beroepstoekoms van gevestigde akademici word deur die skielike sterwe van drie kollegas verdwerg. Dit maak 'n mens magteloos en 'n gevoel van disoriëntasie oorweldig jou. Prediker is steeds reg: tussen gebore word en doodgaan word ons dag vir dag aan gebeure oorgelewer waaraan ons weinig kan doen. Ons lewe magteloos, want ons het nie oor die lewe, die dood en talle ander gebeurtenisse beheer nie.

Hieronder volg 'n kort huldeblyk oor elkeen: eers kom Ferdinand Deist (9 Augustus 1944 tot 12 Julie 1997), dan Riempius Prinsloo (19 Augustus 1944 tot 5 Oktober 1997) en ten slotte Hannes Olivier (31 Januarie 1945 tot 25 Maart 1998) aan die beurt. Hierna volg iets oor internetonderrig en 'n nuwe akademiese tydskrif.

1 Ons sal hulle onthou

a. In die nag van 12 Julie 1997 het Ferdinand Deist ons ontval. Hy was vir navoring in Heidelberg (Duitsland) en sterf ná 'n vuurwerkvertoning aan 'n hartaanval. Ferdinand het 'n ingrypende invloed op die mense rondom hom uitgeoefen. Miskien kan ons dit ten beste aan die hand van sy Unisa-periode (1977-1991) illustreer. Vyftien jaar lank het hy daar gestalte aan die studie van die Ou Testament gegee.

Heel waarskynlik was die tyd ook ryp vir Deist om dit te kon doen. Konteks en speelveld was gereed vir Deist en sy denke. Om dit te verstaan, moet ons Unisa se posisie in die sewentiger en die tagtiger jare begryp. Dit was 'n bloeityd in die Afrikaanse teologie. Soms het dit gevoel asof die teologiese son net om Unisa wentel. Dalk breek daar nie gou weer so 'n goue periode in die Afrikaanse geesteslewe aan nie. Vanweë die sestigs se

ekonomiese opbloeï en studentegroei was heelwat akademiese poste beskikbaar. Unisa was die grootste universiteit en het van die briljantste jong Afrikaanse geleerdes gelok. Veral Bybelwetenskaplikes het vanweë die groot getal Bybelkundestudente 'n heenkome by Unisa gevind. Unisa het soos 'n magneet baie mense nadergetrek. Baie kollegas het vir korter en langer tydperke in Nederland of Duitsland deurgebring en het met oorgawe hulle kennis teruggeploeg. Opwindende diskussies het plaasgevind, almal is tot voortdurende studie aangespoor en teologie het 'n lewenswyse geword. Eintlik was dit 'n merkwaardige periode in ons teologiese wetenskaps-geskiedenis.

Binne hierdie konteks het Ferdinand Deist 'n sleutelrol gespeel en sy denke het 'n enorme invloed uitgeoefen. Drie redes was hiervoor verantwoordelik.

* Eerstens sy persoonlikheid. Sy vriendelike geaardheid en gemaklike omgang met mense het veroorsaak dat sy sieninge maklik “gekoop” is. Deist het altyd tyd vir ander ingeruim. Hy was nederig en beskeie en kon daarom na ander luister. Hy kon mense bemoedig en tot groot wetenskaplike arbeid aanspoor. Sy lekker lag en sy manier van stories vertel, sal ons altyd bybly.

* Tweedens was hy 'n briljante skrywer. Weinig ander Suid-Afrikaners kon hom dit nadoen. Alles is teen 'n ongelooflike spoed neergepen. Een van sy boeke se ontstaan is my nog helder in die gees. Een Maandagaand het ek hom besoek en hy was ergerlik. 'n Nasionale Partykongres het die oggend in Pretoria begin en daar is God, die Bybel, die kerk en die Calvinisme weer vir politieke gewin ingespan. Deist kon sulke praatjies nooit verduur nie en het onmiddellik met 'n boek begin. Teen die Maandagaand was 'n paar bladsye reeds klaar en toe ek die Vrydagaand weer opdaag, was die boek omtrent klaar. Dit was asof die woorde sommer uit sy vingers gevloei het.

* Derdens was Deist se denke anders en selfs waaghalsig. Bestaande waarhede is anders geformuleer en in nuwe vorme giet. Soms (of dalk deurentyd) was sy teologie waaghalsig. Ter illustrasie kortliks twee voorbeelde. In 'n vroeë werk, “Die noodlottige band”, is die noue koppeling tussen kerk en staat krities bekyk. Dit was die middel sewentigs en die Christelik-nasionale was oorheersend. Alhoewel Deist se kritiese stem nie eintlik gehoor is nie, het dit manmoed van hom geverg. 'n Ander werk uit dieselfde tyd, “Mosaïek van Moses”, vertoon ook iets van

Deist se waagmoed. Teen die sewentiger jare was die Du Plessisspook nog net te kragtig om krities oor die Mosaïese outeurskap te skryf. En tog het Deist dit gedoen en nuwe wêrelde vir ons geopen.

Ferdinand Deist het baie geweet. As Von Humboldt-student het hy 'n jaar by Otto Kaiser in Marburg deurgebring. Dit het hom ingrypend beïnvloed. Met groot vermaak kon hy altyd van sy ervarings met Kaiser vertel. Dié het hom sommer by De Wette laat begin en hom al die groot geeste van die negentiende eeu laat lees. Deist het glo aanmekeer gewerk. Verder het Kaiser hom die belangrikheid van die filosofie bygebring. Sommige van Kaiser se “filosofie-aande” het hy bygewoon en dit het die jong Deist 'n lewenslange filosofiestudent gemaak.

Maar wat het Deist ons geleer? Wat het gemaak dat 'n groep dankbare kollegas amper voortydig in 1992 'n *Festschrift* aan hom oorhandig het? Hoe het hy mense se lewens gevorm en beïnvloed? Hierop is daar verskillende antwoorde. Hy het ons geleer om histories met tekste om te gaan. Aan die begin van die sewentiger jare het die historiese kritiek baie skerp onder skoot gekom. Skielik het die immanente (struktuur-analitiese) benaderings mode geword en historiese vrae is op die agtergrond gestoot. Deist was met allerlei benaderings bekend en wou ons van 'n metodemonisme bevry. Hy het veral die historiese denke of bewussyn gekultiveer. Nie soseer die histories-kritiese metode nie, maar 'n historiese verstaan van die Ou Testament is beklemtoon. Teologie kan ook 'n historiese onder-neming wees. Vir die verstaansproses is die wording van die Ou Testament belangrik; teks en konteks is onlosmaaklik verbonde; die lewenskonteks waaruit die geskifte gegroei het, is betekenis-konstituerend; wetenskaps-teoretiese (of dan filosofiese) besinning is part en deel van 'n Ou-Testamentikus se taak; die toe-eiening van die denke van die negentiende en twintigste eeuse geleerdes (soos De Wette, Wellhausen, Gunkel, Alt, Noth en Von Rad) is 'n onontbeerlike aspek van 'n Ou Testamentikus se mondering. So sou 'n mens kon voortgaan om die impak van Deist se denke veral in die sewentiger en tagtiger jare te verduidelik. In die proses het hy mense anders na die werklikheid, God en die Bybel laat kyk.

Vir sommige was hy dalk te liberaal en het hulle hom as 'n bedreiging ervaar. Diegene was eger in die minderheid. Deist se invloed was diepgaande. Jare gelede het 'n Unisastudent uit 'n baie fundamentalistiese tradisie dit so beskryf: “Dit is om vanuit 'n klein, donker, bedompige kamer in 'n tuin vol wonderskone kleure en heerlike geure te stap”. Dit verwoord eintlik baie van ons se ervaring met Ferdinand Etienne Deist. b. In die geskiedenis van ons fakulteit sal 5 Oktober 1997 altyd met groot skok en verbystering onthou word. Op dié dag is Riempies Prinsloo tragies

oorlede. Dit was 'n droewige dag. Hoe kon dit tog gebeur het? Hoe broos is die mens tog nie. Hoe maklik word die greep op die lewe tog nie verloor nie. Hoe plotseling word selfs die sterkstes onder ons nie geknak nie. Menswees, gebore word en doodgaan, bly 'n misterie. Al wat uiteindelik vasstaan, is God se troue liefde en sy troos.

Iemand soos Willem (Riempies) Prinsloo kom dalk net eenmaal in 'n leeftyd. Mense soos hy is maar yl gesaai. Vir min is dit gegun om hulle leefwêreld te omvorm, mense te beïnvloed en duidelike spore na te laat. Riempies was so 'n persoon. Waar hy gekom het, het hy 'n verskil gemaak. Wie hom geken het, sal hom lewenslank onthou. Wat hy geleer en geskryf het, sal nog lank voortbestaan. Riempies Prinsloo het diep spore in ons menswêreld getrap en ons sal dit nog lank sien en daarin wandel. Om dus oor hom te praat, is moeilik. Daar is soveel kante en soveel perspektiewe dat ons praat oor hom maar baie voorlopig is. Hy was student, dosent, skrywer, internasionaal-erkende psalmkenner, redaksielid van plaaslike en buitelandse vaktydskrifte, voorsitter van die Ou-Testamentiese werkgemeenskap van Suid-Afrika. Verder was hy ook 'n uiters knap departementshoof en dekaan wat sy fakulteit tot groot hoogtes gevoer het.

Sy invloed was besonder groot. Ons het dit heelyd geweet, maar het dit eers na sy dood ten volle besef. Op talle kommissies het hy sy invloed laat geld en baie mense met sy kennis gedien. Hy het baie mense hier te lande en oorsee geken en ons almal in sy netwerk van vriende laat deel. Talle oorsese besoekers het UP aangedoen om Riempies te ontmoet en oor die psalms te gesels.

Dit is nou reeds maande na sy dood en die naskokke word nog oral ervaar. Oral praat mense nog oor hom en word sy nagedagtenis gekoester. Iemand uit 'n ander Afrikaland vertel byvoorbeeld hoe sy studente nou meer as ooit Prinsloo se psalmwerk wil lees. Sy afwesigheid word daagliks en op verskillende maniere ervaar.

Studente, kollegas, vriende mis hom en voel soms selfs 'n bietjie leierloos. Vanweë sy besondere vermoë om te organiseer en te administreer, was hy die voorloper. Onverskrokke kon hy belangrike sake tot die einde toe deurvoer. As hy van 'n saak oortuig was, het hy vir niemand teruggedeins nie.

Hy was 'n wonderlike vriend. Soms reguit en op die man af, maar hy het vir sy mense, sy vriende omgee. Daarom was hy altyd bereid om te help en tegemoet te kom. As hy iets beloof het, het hy dit sommer onmiddellik gedoen. By ons wat naby aan hom geleef het, het hy 'n stuk kalmte en gerusstelling ingeboesem. 'n Mens kon weet dat hy jou belange en ideale, verwagtinge en begeertes werklik op sy hart dra. En hy sou uit sy pad gaan om jou te help om 'n voller mens en akademikus te word.

Hoe ons die pad vorentoe moet loop, is onseker. Tyd sal wel leer. Gelukkig sal die mooi herinneringe ons troos. Gelukkig sal sy literêre nalatenskap altyd by ons bly. Gelukkig sal sy talle studente sy denke tot voltooiing bring.

c. Op 25 Maart 1998 het die ontstellende nuus ons bereik: Hannes Olivier is oorlede. Sy lewensmoedige stryd teen kanker het drie en half jaar geduur. So het een van die sjarmantste Afrikaanse geleerdes ook vertrek.

Hannes Olivier se teologie kan ons saamvat in die woorde: "Ja, vir die lewe". Sy denke en daaglikse lewe, sy teologie en sy lewenswandel het merkwaardig saamgeval. Die een het die ander belig en aangevul. In sy studie van die Ou Testament het Olivier die noue band tussen teks en lewe probeer aantoon. In die teks verneem ons van mense, hoe hulle gedink het, hoe hulle geleef het. Om by hierdie lewe uit te kom, was die argeologie vir Olivier belangrik. Deur die argeologie kon hy iets van menswees in die antieke wêreld verstaan. En Olivier se kennis van die argeologie was groot. Ure lank kon hy 'n mens met sy kennis van die negentiende eeuse argeologie en argeoloe boei. Ewe boeiend en geleerd was sy eerstehandse argeologiese ervarings in Israel, Egipte, Sirië, Jordanië en ander plekke. Hy kon die argeologie vir die daaglikse lewe en die teologie relevant maak.

Argeologie het ook die toe-eiening van die ganse Ou Nabye Oosterse literatuur geïmpliseer. 'n Studie van die Ou Testament was niks anders as 'n studie van tekste nie: alle antieke tekste. Deur die tekste kon 'n mens 'n glimps op mense en hulle leefwêreld kry; kon 'n mens iets verstaan van Abraham, Jesaja, Ezechiël en al die ander.

Reeds is na sy sjarmante persoonlikheid verwys. Wat presies daarmee bedoel word, is moeilik te omskryf. Woorde skiet net ver te kort. Woorde soos opreg, opgewek, blymoedig, lewensbly, lewenslustig, gasvry, behulpsaam sê iets, maar sê ook weer te min. Eintlik moes 'n mens Hannes Olivier ervaar het. In die ontmoeting, in die saamgesels en saamdoen is sy warmte menswees ervaar. Sy mooi Bolandse bry, sy spontane lewenshouding, sy openheid vir almal, sy omgee vir alle mense was die tipiese kenmerke van die mens Hannes Olivier. Hoe armoedig laat sy dood ons tog nie!

Tot sy laaste asemteug het hy met 'n skynbaar onblusbare lewenslus die goeie van die lewe ingedrink en in sy volheid geniet. Hannes Olivier was 'n lewensgenieter by uitnemendheid en wou dit met almal deel. Tydens sy siekte het hy my geleer hoe sinryk drie en half jaar kan wees. Alhoewel ons ver van mekaar gewoon het, het ons mekaar nogtans 'n paar keer in die jaar gesien. En elke keer was dit 'n belewenis. Elke ontmoeting

was 'n intense beleving van die goeie in die lewe. Elke saamkuier by die huis of in 'n restaurant of waar ook al was 'n intense viering van die lewe. In die skaduwee van die naderende dood het die lewe oorwin. In die ervaring van die lewensgenietinge is die dood plek-plek oorwin en die angs verente teruggedwing. Eintlik was Hannes Olivier maar net 'n goeie student van die Boek, die Ou Testament, waaraan hy sy lewe gewy het. Dit is juis dié Boek wat ons leer van 'n goeie God wat sy mense met die goeie van die lewe wil versadig.

Ons sou ook nog na Hannes Olivier as die voortreflike leier, organiseerder, administrateur en veral akademikus kon verwys, maar ons sluit met 'n verwysing na sy begrafnis. Vir ou Israel was die plek en wyse van begrafnis belangrik. Die lewe moes stylvol afgerond word. So was dit ook met Hannes die geval. Te midde van groot droefheid is die lewe nogtans sinvol afgerond. Almal het die einde sien naderkom. Sy kollegas het hom by 'n dosentebiduur gegroet. Hannes self het die plek van die erediens (Stellenbosch Moederkerk), die prediker (prof Daniël Louw) en die Skrifgedeeltes vooraf aangedui. Een kom uit Deuteronomium 32:4: "Hy is die Rots, sy werk is volmaak, alles wat Hy doen, is regverdig. Hy is die getroue God, sonder onreg, Hy is regverdig en betroubaar". En die ander uit Job 7:7,17: "Dink daaraan, o God, dat my lewe maar net 'n asempie is; ek sal nooit weer voorspoed beleef nie ... Wat is die mens dat U soveel van hom maak, dat U hom so op die hart dra ...?".

Wat 'n merkwaardige mens was Hannes Olivier tog nie? Geen wonder dat die Universiteit van Stellenbosch ten tye van sy begrafnis tot stilstand gekom het nie. Geen wonder dat so vele mense uit baie lande op sy dood gereageer het nie.

2 Die NG Kerk en internetopleiding

Oor die toekoms van die Nederduitse Gereformeerde Kerk se teologiese opleiding word druk gepraat. Sommige meen dat een of meer fakulteite moet sluit en dat opleiding op een plek gekonsentreer moet word. Argumente ter verdediging hiervan is dat die Kerk nie oor verdere fondse beskik nie, die studentegetalle aan die kwyn is, fakulteite 'n finansiële las kan word, die regering nie drie opleidingsentra van een kerk sal duld nie en nog talle meer. Uiteraard is dit gewigtige argumente en moet ook met die nodige erns hanteer word. Ons moet bly praat, of liever: saampraat oor die toekoms van teologiese opleiding.

Wat ons nou ook al besluit, moet in die lig van die samelewingsveranderinge en die transformasie van die universiteitswese geneem word.

Suid-Afrikaanse universiteite is radikaal aan die verander en kontak-onderrig, klaskamers, heelytse studente, tradisionele studieprogramme word stadig maar seker of uitfaseer of onder druk geplaas. Dit moet egter egter in die lig van 'n veel groter samelewingsverandering verstaan word. Anders gestel: radikale universiteitsveranderinge is die resultaat van ingrypende veranderinge van ons lewenskonteks.

Wat word met hierdie veranderinge bedoel? Binne die westerse wêreld het drie belangrike ontwikkelingsfases voorgekom. Eers was daar die agrariese fase waarin almal van die grond en die landbou afhanklik was. Ongeveer drie honderd jaar gelede het die industriële fase aangebreek. Mens het buitenshuis begin werk en die arbeider het 'n belangrike rol begin speel. Deur sy arbeid het hy geld gegenereer. Sy fisiese arbeidskrag was belangrik vir ekonomiese groei en vooruitgang.

Alles het in ons tyd verander. Fisiese arbeid het nie meer so sentraal gestaan nie. Inligting het die plek daarvan ingeneem. Gedurende die sestiger jare van ons eeu is die term "inligtingsamelewing" vir die eerste keer gebruik. Daarmee is die derde groot ontwikkelingsfase in die westerse samelewing aangedui. Toenemend is die fabriek en die arbeider deur iets anders vervang: inligting of kennis. In plaas van die produkte van die industrie wat deur mannekrag vervaardig is, word kennis/inligting nou verkoop.

Van die inligtingsamelewing se vele kenmerke word net 'n paar genoem: inligting word onontbeerlik, teoretiese kennis neem in belangrikheid toe, kennisgeoriënteerde mense "bevolk" die nuwe gemeenskap, wetenskaplike besluitneming word 'n aanvaarbare lewenshouding, wetenskaplik-verantwoordbare oplossings vir sosiale, politieke, ekonomiese en ander probleme word die voorgeskrewe weg. Sonder tegnologie kan hierdie nuwe gemeenskap egter nie groei of bloei nie. En die ondersteunende tegnologie van die inligtingsamelewing is die rekenaar. Rekenargeletterdheid is dus absoluut noodsaaklik.

Ons is op pad na die virtuele universiteit. 'n Hele aantal bestaan reeds in verskillende wêrelddele. 'n Ander soort student is ook besig om te ontstaan. Studente sal by die huis kan sit en hulle studiemateriaal kan aflaai, hulle take met e-pos versend, hulle navrae aan en korrespondensie met die dosent deur middel van e-pos afhandel en dit terwyl hulle enige plek in die wêreld woon. Deur die internet sal hulle ook deel aan die ryke inligtingskat op die wêreldwye web kan kry, aan vakgesprekke oor die hele wêreld kan deelneem, in die wonderwêreld van multimedia kan deel en nog baie ander dinge meer. Deur middel van internetonderrig sal die student net soveel meer ontvang as die bestaande kontakonderrig en daarom die toenemende gewildheid van die kuberuniversiteit.

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk moet hierdie geleentheid aangryp. Besinning oor die toekoms van teologiese opleiding sonder inagneming van die opkomende inligtingsamelewing, is dwaas. Om bloot oor die sluiting of afskaling van bestaande fakulteite te praat, is gevaarlik. Radikale denke oor papiergedrewe afstandsonderrig en veral internet-onderrig is nou nodig.

In die lig hiervan het die teologiese fakulteit besluit om die wonderwêreld van die internet te betree. Drie departemente (Ou Testament, Nuwe Testament en Godsdiens- en Sendingwetenskap) het besluit om met internetonderrig te begin. Ou Testament se kursusse vir die honores en die MDiv is reeds in Afrikaans en Engels op die web. Almal word genooi om ons webbladsy te besoek.

Die honneurskursus bestaan uit vier vraestelle: een oor hermeneutiek, twee oor die godsdiensgeskiedenis van Israel, en ten slotte word 'n tema (lyding) behandel. 'n Student voltooi take om vir die eksamen te kwalifiseer en dan skryf hy eksamen op sy tuisdorp of 'n naburige plek. Navrae en versoeke word per e-pos hanteer en 'n student hoef nooit die Tukkiekampus te besoek nie.

In die MDiv-kursus is daar 'n ryke verskeidenheid van moontlikhede. In ooreenstemming met die aard van internetonderrig vorm die student die fokuspunt. Hy/sy moet tegemoet gekom word en hulle belangstellings geakkommodeer word. Dit gebeur ook inderdaad in hierdie vraestel. Dit bestaan uit twee hoofdele. Die eerste hoofdeel word ook weer in 'n aantal vraestelle verdeel: hermeneutiek, godsdiensgeskiedenis, inleiding en teologie van die Pentateug, die profete, die wysheidsliteratuur en die psalms. In elke vraestel word sewe of agt vrae geformuleer. Amper vyftig in totaal. En die student hoef net ses te doen. Hy het dus absolute vryheid om die hele kursus by sy persoonlike belangstelling te laat aansluit. Hy kan die kursus rondom hom laat vorm en gestalte kry. Wat die tweede hoofdeel betref, moet die student 'n skripsie van ongeveer vyftig tot tagtig bladsye skryf. Ook hier het hy 'n vrye keuse. Hy kan kies en maak soos dit hom pas.

In die loop van die jaar sal die ander Ou Testamentkursusse ook op die Internet verskyn. Nuusbriewe met allerlei interessanthede oor die vak (asook ander vakke) word in die vooruitsig gestel. Daar is reeds navrae oor die kursusse en ons het reeds 'n paar studente. Ons hoop om deur telematiese onderrig 'n baie wyer studentegemeenskap te bedien en die departement se eie spesifieke wetenskapsetos aan 'n groter groep uit te dra.

3 'n Nuwe tydskrif verskyn

Aan die begin van die herfs het iets wonderliks gebeur. 'n Nuwe akademiese tydskrif, "*Fragmente*", het verskyn. 'n Paar Afrikaanse akademici (Marinus Schoeman, Fransi Phillips, Pieter Duvenhage, Johan Rossouw, Amanda du Preez en Danie Goosen) het die tydskrif lyf en gestalte gegee. Baie werk en energie is belê en die eindresultaat is 'n heerlike leeservaring. Vanweë verskeie redes maak *Fragmente* 'n mens baie opgewonde. Vir die Afrikaanssprekende intellektueel wat in die laaste stuip trekke van die twintigste eeu leef, is dit 'n wonderlike meevaller.

Fragmente wil inderdaad net oor fragmente en in fragmente dink. Vaste grepe op die waarheid en afgeslote denke of denksisteme is onmoontlik. *Fragmente* het ander beklemtoninge: eerder die oop en onafgeslote denke as 'n fundamentalistiese berusting in 'n bepaalde denktradisie; eerder die veelkantigheid van 'n saak as die eenduidigheid. Kortom: "Waar die fragment werkzaam is, word ruimte geskep vir die verskil, die breuk, die differens, in kort: die andere. Vir die fragmentariese denke lê vryheid daarom ook nie opgesluit in die verwesenliking van 'n allesomvattende denkprojek nie. Vryheid lê eerder opgesluit in die beweeglikheid en intensiewe krag wat vanuit die fragmentariese uitgaan, in die energie wat aan die *marges* van totaliteitsdenke vrykom". Predikante wat met die spatsels van die postmodernisme worstel, moet met *Fragmente* erns maak.

Fragmente is Afrikaans. Alles is Afrikaans. Net in Afrikaans. 'n Afrikaanse lushof. Sinne op sinne, paragrawe op paragrawe, bladsye op bladsye net in Afrikaans. Dit beteken hoegenaamd nie 'n intellektuele verskraling of eensydigheid nie, want die "stemme vanuit die Nederlandse, Franse en Duitse filosofiese en kultuur-kritiese tradisies" word ook deur middel van Afrikaanse vertalings gehoor.

Fragmente bemoedig die wetenskaplike wat in Afrikaans wil publiseer. Vanweë die politieke transformasieproses word kommer oor Afrikaans se voortbestaan byna daagliks gehoor. Ontstellend egter is Afrikaanssprekende akademici se onlus om in hulle taal te dink en te formuleer. Al te gou en al te maklik word in die imperialistiese Engels gepraat en geskryf. Sodoende het Afrikaanssprekendes self 'n baie groot bedreiging vir Afrikaans geword. Vanweë 'n kollektiewe skuldgevoel wat hom nog tot in die tweede en derde geslag gaan wreek, word Afrikaans 'n noodsaaklike offer. 'n Soort van 'n soenoffer waarmee die sondes van die verlede toegemaak kan word. Deur Afrikaans op te offer of sy hoë funksies af te skaal, word die korstondige guns van regeerders en beleidmakers gekoop. Gevolglik kan Afrikaans as wetenskapstaal kwyn. Met die koms van *Frag-*

mente blyk die akademiese waarde van Afrikaans egter opnuut. In Afrikaans kan die wetenskap (soos nog altyd) bloei!

Fragmente verskyn twee maal per jaar en word uitgegee deur *Fragmente Uitgewers Bk*, Posbus 12707, Hatfield, 0028. Die e-pos adres is: fragment@global.co.za. Dit kos R45 per jaar vir twee nommers.